KAMMA-KLETS

Oktober 2026 | Kwartaal Drie | Uitgawe Sewe



IN HIERDIE UITGAWE

- Fonteinvriende funksie met skop
- ViA vrouedag met Jessi Art
- Gesinsuitreik na Aurora
- Ds. MG vertel oor predikante SAAM-koms
- Liplekker resepte
- Gemeente ete
- Woordsoek
- Generasie Alfa en geloof
- Vier weke-reeks

Ds Toit's Story…

Blindekol, spieëltjie, blindekol, rem. Handrem op. Motor in neutraal.
Niemand ry werklikwaar so nie, maar dit is die korrekte (K53) stop-prosedure wat elke leerder moet voltooi om hul lisensie te ontvang. Teen einde verlede jaar het ek myself gekwalifiseer as 'n leerling-bestuurder instrukteur. Om in my vrye tyd oor die afgelope paar maande rylesse vir kinders aan te bied was 'n hoogtepunt, maar nog meer as dit was die lekkerte om met hulle in die motor oor die lewe te gesels. Die kar is dus nou my kantoor. Die een tiener merk nou die dag op: "Dominee, dit klink my ek kry nou vanoggend sommer 'n life lesson en 'n driving lesson."

Soos wat ek met die leerders bestuur, besef ek daar is baie gedeelde metafore tussen leerlingbe-stuurders en die lewe:

- In die lewe mis ons ook maar dikwels die blindekolle.
- In die lewe probeer ons soms te vinnig wegtrek (aan die gang kom).
- Ons noodstop op plekke waar ons nie moet nie.
- Die voertuig agter ons en voor ons pla ons vreeslik (onnodig) baie.
- Wanneer daar druk is, sukkel ons om goeie besluite te maak.

Maar tog moet ons almal iewers begin en is daar vir elkeen van ons 'n plek op die pad (ja, selfs vir die taxi's).

Hierdie tyd van die jaar wil ons al die motor in neutraal sit en afdraand beweeg tot 2027, maar daar is nog baie paaie oor om te loop en baie wat langs die pad kan gebeur. Sit gerus jou veiligheidsgordel aan en lees watter roete het ons hierdie kwartaal geloop. Van die treffende vier weke-reeks, dominee MG se kuier met 750 ander dominees, ViA se verf en die Fonteinvriende se funksie met skop.

Tot volgende keer!
Mooi loop.



Wat het als in ons gemeente gebeur hierdie kwartaal?

Fonteinvriende funksie met skop!







En so skop ons *Sop met skop*-funksie af om 9:30 op 20 Augustus 2026. Ons sprekers is Andrew Johnson wat deel hoe hy op 48 jaar tot inkeer gekom en die Here hom gelei het om RP4J te begin, en Matt Hancox van Rugby players for Jesus.

Na die verwelkoming en opening met Skrif en gebed speel ons ‘n litte losmaak-speletjie, Pass the ball - min wetende dat Matt se getuienis dieselfde heet 🙌.
So werk die Here!

‘n Rugbywedstryd kan nooit gewen word as ‘n enkele speler die bal vir homself hou nie - hy moet dit aan sy spanmaats aangee sodat daar ‘n drie gedruk en die wedstryd gewen kan word. So moet elkeen van ons die Woord aangee sodat ons as gelowiges die wedstryd van die lewe as oorwinnaars kan voltooi.

Ons kuier verder heerlik saam oor ‘n beker sop en ‘n bederf-bakkie vol lekker happies.

Ons volgende byeenkoms is op Donderdag 12 November. Kom kuier gerus saam!

Indien jy meer inligting rakende die Fonteinvriende benodig, kontak Linda Rossouw op 082 402 4396.

ViA vrouedag met Jessi Art



Op 22 Augustus 2026 om 08:30 het opgewonde vroue begin arriveer by Swanlake Gardens om die Vrouedag te kom ervaar wat aangebied is deur Marelize Huysamen van Langebaan deur haar Jessi Art skilderye. ‘n Oggend vol lig en vreugde waar die uitbeelding van die skilderye van vroue ons verwelkom het.

‘n Groot kom water om ons hande in af te spoel met heerlike warm water, simboliseer die seer wat afgewas word . . . afgedroog met ‘n lappie wat wys jy gooi die seer weg sodat jy jou vreugde kan vind. ‘n Sakkie op die tafel en skilderdoek met vroutjie wat ons sou verf het ons verwelkom na heerlike koffie en beskuit om die koue te verdryf.



Na die verwelkoming en bedankings het Marelize ses verskillende vroue van die Bybel (Tamara, Hanna, Dina, Ragab, Abigail en Hagar) bespreek om ons bewus te maak van probleme in ons lewens en dat die vyand mense van jou afsny. Na ‘n lofdans en samesang kon ons begin leer van hierdie Geesvervulde vrou wat ons wou inspireer met haar vreugde en die volgende wyshede:



- Jy moet daagliks jou krag by God kry; maak God elke dag prioriteit.
- Depressie maak mense dood van binne af, so jy moet daaraan werk.
- Maak tyd vir mense, ontmoet nuwe mense of soek ou vriendinne of familie op.
- Breek mure af en bou jou mure om God se beloftes. Wees Sy lig en laat Sy lamp in jou brand.
- Elkeen van ons is goed en ons moet elke dag mooi dinge van onsself sê. God het ons elkeen uniek geskape en alles wat Hy geskape het was goed.
- Sny negatiewe mense uit jou lewe, moenie dat hulle jou vreugde steel nie. Jy is alleen verantwoordelik vir jou eie geluk.
- Vra elke oggend vir die Here wat Hy vir jou wil sê. Leef jou vriendelikheid uit, versprei jou aangename geur.

Deur die loop van die oggend het elke vrou haar skilderdoek gemaak met haar unieke beeld. Na middagete van heerlike sop en broodjies kon ons ons verder uitleef deur samesang en ‘n vreugdedans. Almal het dit baie geniet en is Geesvervuld huis toe met ‘n huppel in hul stap.



Vir meer inligting oor ViA, kontak Marisa van Wyk 082 493 6258.

ViA Getuienisaand



Ons het in die vorige uitgawe van die Kamma-klets ‘n getuienis gedeel van die ViA getuienisaand. Ons deel in hierdie uitgawe graag nog ‘n aangrypende getuienis van Dirk Kotze.

Na ‘n verdrinking hou hy vas aan ***Psalm 37 vers 5: Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom, Hy sal sorg . . .***

In 2010 tydens Corporate Iron Man het ek die 380 m swem gedoen. Die strategie was om later te begin, aangesien daar ‘n opeenhoping van swemmers was. By die eerste boei het iemand my swembril van my kop afgeskop en ek het meer water ingeneem as gevolg van die deinings. Ek het al hoe swakker geword en was tweede laaste in die see. Toe ’n ou op ‘n Jetski vra of ek nog reg is, het ek gesê ja, maar die volgende oomblik het ek onder die water verdwyn . . . Dit was 7:15 die Saterdagoggend.

Die man het my uitgehaal en na die strand gehaas. Daar was geen pols nie en ek is na die mediese tent geneem. Dr. Konrad von Hagen en Dr. Tinus van der Merwe van Graaff-Reinet was daar en hulle kon geen hartklop vind nie. My vriend het my vrou Ronèl en die kinders geskakel en hulle het dadelik begin bid. Na minute onder die water en ook tot 25 minute in die tent kon die dokters my hartklop terugkry en Ronèl en die kinders is weer geskakel met die goeie nuus. Dít is die krag van gebed.

Ek het weer bewus geword van my omgewing die Sondag net na 13:00 in die hospitaal. Toe ek wakker word in die Intensiewesorgeenheid was ek by my positiewe, met geen breinskade. Ek kon vir my vrou en kinders en ook my ouers vir die eerste keer sê ek is lief vir hulle. Ek is Maandagoggend na die algemene saal oorgeplaas wat ongelooflik was vir iemand wat eintlik verdrink het . . .

Dinsdagoggend het dr. Tinus my kom soek en vertel wat gebeur het.
Woensdagoggend kon ek uit die hospitaal stap sonder hulp of medikasie. Ek kan nie vir jou sê hoe dit voel om te verdrink nie. Ek het geen angs nie, het nog nooit wakker geskrik met vrees nie en ek het weer geswem. Nodeloos om te sê, my vrou wil nie hê ek moet weer in die see swem of deelneem nie.
All Eer aan die Here.. Ons luister na sy liedjie, ***Good, Good Father van Chris Tomlin***

Ds MG woon die predikante SAAMkoms by . . .

Die predikante SAAMkoms van ongeveer 700 dienende predikante en diensleraars het van 25-27 Augustus by Goudini Spa plaasgevind. Dit was vir my ‘n bergtop-ervaring wat ek sukkel om in ‘n paar woorde op te som. Maar ek gaan my bes probeer.

Die SAAMKOMS het gefokus op saam bid, vier, leer, luister, kuier, groei, rus en droom en dit het regtig gebeur.

Elke dag het begin en afgesluit met ‘n grootgroep byeenkoms waar ons saam geluister het na die Woord uit die Evangelie volgens Lukas, gesing en gebid het. Dit is ‘n kouerilling-ervaring as 700 dominees saam sing tot eer van die Here.

Daar was vier keer op ‘n dag ongeveer elf gelyklopende sessies wat op verskillende plekke aangebied is. Elkeen kon vooraf kies watter sessies hy wou bywoon. Die onderwerpe het gewissel van diep teologiese gesprekke, praktiese bediening, aktuele sake, stap in die berg en selfs ‘n stoepkuier saam met ons eie Ds. Jan Grobbelaar van Patmos gemeente.

Ek lig net enkele losstaande opmerkings uit wat my persoonlik getref het in van die sessies:

Jesus die oorspronklike “Pied Piper”

(Stephan Joubert)
Mense sien ‘n straatvrou of tollenaar, Jesus sien ‘n vrou en ‘n man wat Hy liefhet en wie Hom nodig het.

AI in die bediening

(Francois Lamprecht)
Gebruik kunsmatige intelligense versigtig en met wysheid. Kunsmatige intelligensie en goed soos tabletrekenaars bevorder, om verskeie redes, nie leer in skole nie.

Stempels, grense en wortels

(Nioma Venter)
Ek hoef niks prys te gee om ander te verwelkom nie. Soos mens jou takke sprei, so verdiep jou wortels.

Die geheime krag van stories

(Jaco Strydom)
Jesus vertel stories. Ons noem dit gelykenisse. Ons moet kerk wees met dieselfde gesindheid as Jesus (Fil 2:2-11). Die teenoorgestelde van liefde is nie haat nie, dit is selfsug. ‘n Mens spel omgee m-o-e-i-t-e. Diversiteit is ‘n seën - omarm dit.


Ons het twee maal per dag geëet en ek is seker die vliegtuig wat ons teruggebring het uit die Kaap het meer gesukkel om op te styg as die een wat ons soontoe gevat het. (Dit kan wees dat sommige dominees se wynaankope ook iets hiermee te doen gehad het?)

Ekself het met ‘n groot stuk dankbaarheid teruggekom. Dankbaarheid teenoor die Here wat self Sy kerk in stand hou deur ‘n wyd-uiteen-lopende en begaafde groep mense. Dankbaarheid oor drie dae se bederf, ou vriende raakloop en nuwe vriende maak. Maar ook dankbaarheid vir die voorreg om, saam met baie ander, Sy dienskneg in Kraggakamma gemeente te wees.

Iemand het spottenderwys gesê dat ons dalk meer moet saamkuier en minder vergaderings moet hou. Ek wonder of ons as kerk dit nie ernstig moet oorweeg nie? Is dit nie wat Jesus gedoen het nie?

Vier weke-reeks

"Hierdie reeks oor die Saligsprekinge het my weer laat besef hoe diep afhanklik ek van God is. God ontmoet my in my afhanklikheid, in my trane, in my soeke na wat reg is, en selfs daar waar ek verwerp word omdat ek kies om te doen wat reg is. Dit het my herinner dat dit nie is wat die wêreld van my dink wat werklik saakmaak nie, maar wat God van my verwag en wat Hy oor my sê. Hy sien my hart, Hy ken my motiewe en Hy ontmoet my selfs in my pogings wanneer ek voel ek faal. Vir my is ware saligheid om te weet dat ek, te midde van alles, aan God behoort en Hom kan vertrou."- Marieke Dolphin



"As kind van God is ek geroep om 'n vredemaker te wees, ek's diep afhanklik van God en ek is so so geseënd! Ek het die reeks baie geniet en daai pragtige lied het my elke Sondag geraak!" - Colleen Botha



"Die vier weke-reeks het my net weer opnuut kom herinner: God is goed, Hy seën my as ek my afhanklikheid van Hom erken. Hoe reiner my hart en hoe meer tyd ek met Hom spandeer, hoe meer sien ek Hom raak in alles rondom my en hoe Hy in my lewe werk elke dag."- Petru Vlok

Gesinsuitreik







Kraggakamma se gesinne het op Sondag 13 September 2026 gaan pannekoek bak vir die inwoners van Aurora Special Care Centre. Die ouers het gebak en die kinders het uitgedeel. ‘n Geseënde oggend!









Saligsprekinge woordsoek

K N C K M V S P V R R B G O H
I L W E I Z E E B G E F E C F
L M C R A N R R I D G R S M Z
K N A M L S D T V T T K E B W
N O I X A Z R E K O K R E V R
A O Y D T A B Y R Q L I N F T
H P I M H E R T Z S Y G D Q U
F G B M L K G I D E O M G A S
A L R E N T R E U R N F H U T
I A D I J D V K S Q A I G R R
B I N O K T D E X O B O E T A
G O Y W S T R W X P U T W R H
K Y Y S K L J Z L Z T V H Y Z
V R E D E M A K E R S K G Y V
I F X O M W U O F Z S Z F N N

Vind die woorde: (Antwoorde op bl. 11)

AFHANKLIK
GESEEND
BARMHARTIG
KONINKRYK
SAGMOEDIG
VERVOLG
HART
REG
TREUR
VREDEMAKERS
BELEDIG
KINDERS
REIN
VERSADIG

Uit my kombuis

Twee verskillende Linda's, maar albei se gunstelingresep is bedoel vir soettande . . .

MALVAPOEDING

*Hierdie nagereg het **Linda Potgieter** al so baie gemaak, dat die bladsy van die oorspronklike resepteboek behoorlik vuil is.*

Bestanddele vir poeding self

1 eier
250 ml suiker
250 ml meel
5 ml bakpoeier
5 ml koeksoda
15 ml bruin druiweasyn
15 ml appelkooskonfyt
125 ml melk
125 ml room

Bestanddele vir sous

375 ml melk
125 ml suiker
125 ml botter
60 ml brandewyn
5 ml vanieljegeursel

Metode

Klits die eier en suiker saam.
Klits die res van die bestanddele saam en voeg die eier-en-suiker-mengsel by. Meng goed.
Giet die mengsel in 'n gesmeerde oondskottel en bak vir 40 minute in 'n voorverhitte oond by 180°C.

Maak intussen die sous deur die melk, suiker en botter saam te kook.
Gooi brandewyn en vanielje by en giet die warm sous oor die warm poeding.
Sit voor met vla of geklopte room.



SJOKOLADE-PEKANNEUT-BROWNIES

Linda Rossouw *sê dat hierdie haar staatmakerresep is vir kinderoordpartytjies, selgroepe of nagereg.*


Bestanddele

500 g Golden Cloud Chocolate Muffin Mix
170 ml sonneblomolie
250 ml suurroom
100 ml water
2 groot eiers
100 g gekapte donkersjokolade, plus ekstra om oor te drup
100 g gekapte pekanneute

Metode

Gooi die muffinmengsel in ‘n mengbak en voeg die sonneblomolie, suurroom en eiers by. Klits alles saam.
Vou dan die sjokolade en neute by.
Skep die beslag in ‘n gesmeerde vierkantige bakplaat van 20 cm en bak vir 20 tot 25 minute by 180°C of tot ‘n toetspen skoon uitkom. Laat effens afkoel en sny dit dan in ongeveer 12 blokkies.
Drup net voor opdiening ekstra gesmelte sjokolade oor.

Kinderspeletjies antwoorde



Oopkop ouerskap

Ken jy jou kind?

Het ek ‘n engeltjie grootgemaak? Allesbehalwe . . . Ek en jy maak ‘n kind groot wat die vermoë en potensiaal het om seer te maak met woorde, om ‘n ander maat af te knou, om ‘n ander kind te laat twyfel in homself/haarself.

Ek en jy is besig om ‘n kind groot te maak wat self nie verstaan waar hy/sy inpas nie, wat soms buite hulle waardestelsel optree om tog net asseblief aanvaar te word!

Ons maak kinders groot wat gekonfronteer word met “grootmensdinge”. Wat moet aanhoor “jou ouers se werke maak nie genoeg geld nie, julle huis is nie *fancy* genoeg nie”. Wow! Mamma en Pappa, ons plant hierdie saadjies - wees bewus waaroor jy gesels in die teenwoordigheid van jou kind . . .

Elke kind is uniek en spesiaal - hanteer hom/haar so . . . Moenie ‘n kind in ‘n ‘boksie’ plaas nie. *Embrace* hulle talente, MAAR maak jou oë as ouer oop vir hulle uitdagings/tekortkominge.

Gaan deur jou tiener se foon, in hulle teenwoordigheid, sonder waarskuwing. Raak bewus van hulle *insecurities* op sogenaamde *group chats*, kry so ‘n effense *glimpse* in hulle lewens deur hulle fone. Raak bewus van hoe aardig hulle kan wees, maar moet ook nie die mooi mislees nie.

Die uitdagende vraag is: Ken jy jou kind? Met eerlikheid dink ek baie ouers gaan twyfel of hulle koppe laat sak en erken: Dalk nie so goed soos ek wil nie.

Geskryf uit die omgee van ‘n Ma-hart wat werk met kinders en self kinders probeer grootmaak.- Ellenette Meiring

Generasie Alfa en geloof . . .

Die *Fuller Youth Institute* is 'n bekende navorsingsgebaseerde organisasie verbonde aan die *Fuller Theological Seminary* in Pasadena, Kalifornië. Hulle het onlangs navorsing gedoen onder 2 783 Generasie Alfa-tieners van oor die 48 verskillende state. Generasie Alfa is kinders gebore tussen 2010-2025. In hul verslag het hulle vir tieners gevra: Wie het die grootste invloed op jou geloofsoortuigings?

Die resultate was soos volg:

65% - My ouers
28 % - My oupa en ouma
26 % - Vriende
21 % - Die dominee/jeugmentors
13% - My boetie of sussie



UIT DIE ARGIEWE:

Stolen artworks worth millions found in PE church yard

13 NOV 2012 | Algoa FM NEWS

Port Elizabeth police say they have recovered four of the high value paintings that had been stolen during a robbery at the Pretoria Art Museum.

Police spokesperson, captain Sandra Janse van Rensburg, says the paintings were found under a bench in the yard of a Dutch Reformed Church in the suburb of Sundridge Park on Tuesday.

"Our dog unit of Port Elizabeth received information from an informer which led them to the Dutch Reformed Church in Sundridge Park. At the back of the property they found four paintings and it seems to be similar to the paintings that were stolen in the Gauteng area," she said.

Janse van Rensburg says its not known where the fifth stolen painting is.


On Sunday three men pretending to be art students and a lecturer asked museum staff to view specific paintings after which they tied up the staff members and made off with Maggie Laubser's Cat and Petunias (1936); Hugo Naude's Hottentot chief; JH Pierneef's Eland and bird (1961); Gerard Sekoto's Street Scene; and Irma Stern's Fishing boats (1931).

A sixth painting was left outside the art gallery presumably because it could not fit into their getaway car.

On Monday the Tshwane Municipality announced the temporary closure of the Pretoria Art Museum to 20 November.

Mayoral spokesperson Pieter de Necker said "the art museum has taken precautionary steps by removing other valuable pieces until the police have completed their investigation."

The total value of the stolen paintings were put at more than R17m.




Doopgeleenthede




Kirin Munro

12 Julie



Benjamin Ferreira

26 Julie



Robert Oosthuizen


9 Augustus



Lucas Snetler

9 Augustus

Hou ons soms ‘n veilige volgafstand van Jesus af?



Bellville se verkeer het sy eie persoonlikheid. Dit beweeg nie altyd volgens reëls nie. Meer volgens instink en genade. Partykeer op die basis van oogkontak eerder as padtekens. Of soms volgens die algemene oortuiging dat as jy jou neus nét effens verder indruk, daar dalk skielik plek gaan oopmaak.

Ek sit onlangs op pad huis toe in die verkeer vas. Dis ’n Vrydag, so almal is ekstra haastig om by die huis te kom. Iewers tussen skielike rooi remligte vang iets my oog op die voertuig voor my se buffer: *Do you follow Jesus this closely?*

Ek kan nie anders as om te glimlag nie.

Ek weet natuurlik wat die grap bedoel. Dis mos gemik op daardie bestuurders wat só naby ry dat jy wonder of hulle saam met jou huis toe kom.

Maar soos enige goeie one-liner, het dit gevoel of daar nog iets agter daardie vraag skuil: Hoe naby volg ons vir Jesus?

Let wel: Nie *Glo ek in Jesus? Gaan ek kerk toe? Noem ek myself ‘n Christen?* nie.

Volg ek Hom só naby?

Die veilige volgafstand wat ons soms verkies

Daar is ‘n rede waarom bestuurders van volgafstand praat.

As jy te naby ry, moet jy vinniger reageer. Jy moet rem wanneer die voertuig voor jou rem, anders is daar ’n ongeluk. Jy het nie die luuksheid van sit en rondkyk nie, want jy moet oplet. Jy verloor bietjie beheer oor jou eie ritme.

En dalk is dit presies hoekom ek so vasgesteek het by daardie vraag. Want ek dink baie van ons hou van ‘n veilige volgafstand wanneer dit by Jesus kom.

Naby genoeg om Hom te sien. Naby genoeg om nog te sê ons volg Hom. Maar ver genoeg dat ons nie te skielik hoef te rem wanneer Hy van rigting verander nie.

- Ek volg U, Here . . . maar miskien nie té naby wanneer dit gaan oor my tyd nie.
- Ek volg U . . . maar nie te naby wanneer dit kom by my gemak nie.
- Ek volg U . . . maar nie te naby wanneer dit kom by daardie gesprek wat ek vermy nie.
- Ek volg U . . . maar nie te naby wanneer dit kom by daardie plek waar vergifnis moeilik raak nie.

Want daar is iets gerieflik aan afstand.

Afstand gee mens ruimte. Dit gee jou die gevoel dat jy steeds jou eie spoed beheer. Dat jy nog jou hand stewig op jou eie stuur hou.

Dis nie dat ons ophou volg nie. Ons skuif net effens terug.

Net ver genoeg om nie die heeltyd te hoef reageer nie. Net ver genoeg om nie elke draai saam te voel nie.

En wanneer ons weer sien, het die afstand groter geraak as wat ons bedoel het.

Tog is dit belangrik om die vraag nie net as ’n vingerwysing te hoor nie. “Volg jy Jesus naby genoeg?” kan maklik klink soos nog ’n geestelike toets wat ons moet slaag. Nog iets waaraan ons kan tekortskiet. Maar dit is nie waar die evangelie begin nie. Die evangelie begin by ’n God wat nie op ’n veilige afstand bly nie.

Die Heilige Gees oorbrug afstand

Miskien is dit juis hier waar die vraag op die bufferplakker nog verder oopvou. Want wanneer ons oor navolging dink, dink ons maklik aan iemand wat voor loop en iemand anders wat agterna volg. Jesus voor. Ons agter. Soos ’n lang konvooi op die N1.

Dalk is dit deel van die prentjie, maar dis nie die hele prentjie nie.

Want geloof was nog nooit net: Probeer hard genoeg om Jesus nie uit die oog te verloor nie. ’n Verhouding met God was nog altyd een van nader beweeg. Reeds van die begin af sien ons dat God nie op ‘n afstand bly nie. Hy is nie ’n God wat ver is en hoop ons kry die roete reg nie. God se beweging is telkens in die rigting van mense. Nader. Teenwoordig. Betrokke.

Dis presies wat die Heilige Gees vir ons wys.

Ons praat soms oor die Gees asof dit bloot ’n ekstra hulpmiddel vir gelowiges is. So iets soos ‘n geestelike GPS of ’n noodhulplyn vir moeilike dae. Maar die Gees is soveel meer as dit. Die Gees is God se voortdurende teenwoordigheid by mense. Nie net ’n stem wat van ver af rigting gee nie, maar God wat intrek in gewone, deurmekaar, haastige mense se lewens.

Jesus vra nie van ons om Hom krampagtig in die verte dop te hou en paniekbevange seker te maak ons verloor Hom nie. Die Gees beteken dat ons nie net iemand volg wat ver voor ons ry nie. Ons leef saam met Iemand wat reeds naby is.


Dit verander iets aan navolging.

Want skielik gaan geloof minder oor hoe goed ek daarin slaag om die regte afstand te handhaaf en meer oor die ontdekking dat God reeds nader is as wat ek dink. Selfs wanneer ek stadiger ry. Selfs wanneer ek ’n afdraaipad vat. Selfs wanneer ek, soos in Bellville-verkeer, nie heeltemal seker is waarheen hierdie roete eintlik op pad is of hoe lank dit gaan vat nie.

Miskien is dit hoekom daardie vraag soveel dae later nog my bybly: *Do you follow Jesus this closely?*

Die **genade** is dalk dít: Lank voordat ek gewonder het of ek Jesus naby genoeg volg, was Hy reeds nader aan my as wat ek besef het.

Tien vrae aan Gustel Agenbag, ons orrelis . . .



Vertel ons van jou familie. Hoeveel kinders het jy en waarmee is hulle almal besig?

Ek is getroud met Pienaar Agenbag en ons het 3 kinders, Gustel (junior), Janno en Bruwer. Gustel is getroud met Stefan Verwey en hulle altwee is onderwysers by laerskole in PE. Janno werk as 'n tegnikus by 'n plaaslike ortotis in die stad en Bruwer is tans in Graad 11.

Wat is jou beroep?

Ek werk by Collegiate Girls' High School sedert 2010. Sedert 2018 is ek aangestel as Hoof van Musiek asook Skeppende Kuns (Graad 8-9).

By watter gemeentes het jy al gewerk?

Ek het sedert my Graad 12-jaar begin orrel afloswerk doen by verskeie NG-gemeentes, Hervormde en Gereformeerde gemeentes in PE, Bloemfontein en Pretoria. Sedertdien was ek al vas aangestel as orrelis by verskeie gemeentes: NG Kerk Noordhoek (Bloemfontein), NG Kerk Tygerpoort (Pretoria) en tans NG Kraggakamma (PE).

Van wanneer af werk jy vir NG Kerk Kraggakamma?

Ek is aangestel by Kraggakamma gemeente in Februarie 2020.

Wat is jou gunsteling kos?

Daar is vele, maar enige pastagereg behoort dit te doen.

Het jy enige stokperdjies of belangstellings buite werk?

Ek het 'n kreatiewe kant wat deur my ouers geïnspireer is: naaldwerk, tuinwerk en handewerk soos meubels herstel, verf, boor, ens. Ek lees ook graag fiksie.

Wat geniet jy die meeste van werk in 'n kerkomgewing?

Om die gemeente te begelei met musiek op so 'n manier wat nuut, opbouend en verfrissend voel.

Watter slagspreuk of lewensmotto herhaal jy gereeld vir jouself?

Leef voluit.

Die koor wat jy afrig het onlangs vreeslik mooi presteer. Vertel ons bietjie daarvan?

Ek het twee kore: Die meisieskoor by Collegiate het aan die ATKV Applous koorkompetisie se finale rondte in Kaapstad deelgeneem en die trofee vir die beste Afrikalied verwerf. Ons het 'n goue sertifikaat (80%+) verwerf. Die Oos-Kaapse Jeugkoor het ook aan 'n nasionale koorkompetisie in Sun City deelgeneem. Ons het aan die Summa Cum Laude koorkompetisie deelgeneem en 2e posisie verwerf met 'n Gold Level 3 (Masterful) uitslag van 91.6%.

Wat is jou gunsteling vers in die Bybel?

My gunsteling vers: Jesaja 43:1: *Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.*

Gemeente-ete Sondag 20 September







Wie het almal 90 en ouer geword?

Baie geluk aan:

13 Aug – Dick van der Spuy 94
21 Aug – Annette Toerien 95
22 Aug – Japie Theron 91
18 Sept – Laurie Marx 94
19 Sept – Judy Hatting 93
24 Sept – Rita Saayman 94
28 Sept – Cecile Meyer 92

Oktober: 'n Maand van Hoop, Waaksaamheid en Geloof

Oktober breek weer aan, en saam met die eerste bloeisels van lente kom 'n stil maar dringende boodskap: dit is Borskankerbewustheidsmaand. 'n Maand waarin ons nie net linte dra nie, maar stilstaan by iets wat soveel gesinne, vriendinne en kollegas se lewens diep raak.

Hierdie maand is 'n sagte, dog dringende herinnering: jou lewe is kosbaar, en om na jouself om te sien, is nie selfsugtig nie — dit is 'n vorm van goeie rentmeesterskap oor die liggaam wat God vir jou gegee het.

Vroeë opsporing red lewens. 'n Jaarlikse mammogram of ondersoek neem min tyd, maar kan die verskil maak tussen 'n vroeë, hanteerbare diagnose en 'n stryd wat veel groter word. Moenie wag vir simptome nie. Moenie uitstel omdat jy "nie tyd het nie" nie. Maak vandag die oproep. Bespreek die afspraak.

Doen dit vir jouself, vir jou kinders, vir jou man, vir die mense wat op jou staatmaak.

Aan elke vrou wat op hierdie oomblik deur behandeling gaan: jy word gesien, jy word onthou in gebed, en jy is nie alleen nie. Die pad mag lank en moeilik voel, maar "Hy genees die wat gebroke van hart is en verbind hulle wonde" (Psalm 147:3). Mag jy krag put uit elke nuwe môre, en mag die mense rondom jou jou dra wanneer jou eie kragte min raak.

Aan elke oorwinnaar wat die stryd deurstaan het: julle is lewende bewyse van hoop. Julle verhale gee moed aan diegene wat nog moet begin, en aan diegene wat midde-in die stryd is.

En aan elkeen wat 'n geliefde aan hierdie siekte afgestaan het: ons onthou hulle met liefde. Hulle nagedagtenis leef voort elke keer as 'n vrou besluit om haar ondersoek te gaan doen — dit is mooi manier om hulle te eer.

Dankie aan elkeen wat 'n kankerpasiënt bystaan — 'n eggenoot, 'n ouer, 'n kind, 'n vriendin, 'n versorger wat elke dag opdaag en help dra aan die diagnose. Mag God vir julle elke dag nuwe krag gee.

Geloof en optrede hoef nie teenoor mekaar te staan nie. Ons kan bid vir genesing én die afspraak maak. Ons kan glo in wonderwerke én gebruik maak van die wetenskap en dokters wat God ook as instrumente van genesing gebruik. "Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie, want die Here jou God is met jou, oral waar jy heengaan" (Josua 1:9).

Hierdie Oktober, laat ons mekaar by die hand vat — as gemeenstelede, kollegas, familie en vriendinne — en mekaar aanmoedig om die afspraak te maak wat ons so maklik uitstel.

Mag hierdie maand elkeen van ons herinner: waaksaamheid is liefde in aksie, en geloof gee ons die moed om elke dag, en elke ondersoek, met hoop tegemoet te gaan.

Zalita Le Roux

Waarna sien ons uit?

ViA afsluiting 26 Oktober

Kersmark 6-7 November

Sawubona Sondag 8 November

Fonteinvriende funksie 19 November

Kerssangdiens 29 November

Tiener Staptoer 1-3 Desember

